

Dinsdag 17 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-17, 25-26; 16:5-15

Fokusgedeelte: Johannes 1:33

“... dit is Hy wat met die Heilige Gees doop”

Wat die “kerk” (dit beteken “die Here s’n”) waarlik “kerk” maak, is: elke lidmaat daarin is met die Heilige Gees gedoop (1 Kor. 12:3, 12, 13). Dit, het Johannes gesien, is die verskil tussen sy volgelinge en dié wat Jesus sou volg. Immers: Johannes het Jesus gedoop omdat Hy verduidelik het “... op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen” (ander vertalings: “alle geregtigheid vervul”) – en toe het Johannes “... die Gees van God soos ’n duif sien neerdaal op Hom ... en ’n stem uit die hemel het gesê: ‘Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My’” (Matt. 3:15-17).

Die Joodse tradisie het geleer dat die Heilige Gees met die laaste profeet, Maleagi (400 jaar vantevore), die aarde verlaat het en eers weer met die koms van die Messias sou terugkom. Daarom is hyself nie “... die Profeet ...” nie, het Johannes gesê: hy doop bloot met water – die ware Profeet sal met die krag en gesag van die Heilige Gees doop. Nou, ná die doop van Jesus en die teken van die “duif” en die stem uit die hemel, kom sy getuienis: “... dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.”

Dit doen Hy steeds met elke gelowige (HK, Sondag 20), want alleen die Heilige Gees kan oortuig van sonde (Joh. 16:8), toerus vir dienswerk (Hand. 1:8; 1 Kor. 12:7, 11) en in die gelowige die vrug van die nuwe lewe dra (Gal. 5:22, 23). ’n “Kerk” sonder die Heilige Gees is geen kerk nie, en ’n “gelo-wige” sonder die Gees is geen lidmaat van die kerk nie.

Het Jesus jou met die Heilige Gees gedoop? Toets jouself aan jou sonde-besef en soeke na heiliging, jou dienswerk en die vrug van jou lewe.

Sing: Skrifberyming 8-3 (Aanvullende Psalmboek, 2012)

Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)